2018/09/14
08:39 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/09/14	DATUM 2018/09/13			+ - LAST WEEK 2018/09/03		BY DIE GELD PUT OPSIE		
								WM	YM
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	JUL '19 TERMYNPRYS	R 2 545.00	R 2 537.00
DJIA-index	26146	147.07	0.6%	25999	1.4%	25790	PUT TREFPRYS	R 2 540.00	R 2 540.00
Goud (Spot)	1205.18	0.72	0.1%	1204.46	-0.1%	1206.34	PUT PREMIE	R 229.22	R 230.63
Brent $/vat	77.86	-1.83	-2.3%	79.69	3.4%	75.32			
1 € / US$	1.1691	0.01	0.6%	1.1616	0.6%	1.1617	MIN SAFEX PRYS	R 2 310.78	R 2 309.37
1 US$ / ZAR	14.77	-0.060	-0.4%	14.83	3.6%	14.26			
Corn	R 1 961.86	-36	-1.8%	R 1 997.85	*CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day				
Wheat	R 2 566.99	-57	-2.2%	R 2 624.28	* CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day				
Soybeans	R 4 472.97	-40	-0.9%	R 4 512.94	* CBOT Soy Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sep 12:00 the previous day				

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
Corn Sep 18	337.40	-4.80	-1.4%	342.20	Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit		19	WM	YM	TM
Wheat Sep 18	473.00	-8.60	-1.8%	481.60			WEEK TOTAAL	4 623	3 767	8 390
Soybeans Sep 18	824.20	-4.00	-0.5%	828.20			JTD TOTAAL	142 949	1 071 083	1 214 032
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit	UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
SORGHUM Sep '18	3600.00	0.00	0.0%	3600.00	3970.00	2236.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	9%	44%	30%
WMAZ Spot	2372.00	-59.00	-2.4%	2431.00	4127.00	2005.00	TEMPO/WEEK BENODIG	42 638	41 937	84 575
WMAZ Dec 18	2437.00	-72.00	-2.9%	2509.00	3645.00	2150.00		MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WMAZ Jul 19	2545.00	-75.00	-2.9%	2620.00	3726.00	2229.00	WEEK TOTAAL	96 939	41 805	138 744
YMAZ Spot	2424.00	-63.00	-2.5%	2487.00	3645.00	2005.00	JTD TOTAAL	5 716 008	5 040 159	10 756 167
YMAZ Dec 18	2495.00	-69.00	-2.7%	2564.00	3645.00	2150.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150	12 176 810
YMAZ Jul 19	2537.00	-62.00	-2.4%	2599.00	3726.00	2229.00	% GELEWER VAN OES	90%	87%	88%
SOY spot	4530.00	0.00	0.0%	4530.00	6654.00	4552.00	TEMPO /WEEK BENODIG	26 546	30 280	56 826
SOY May 19	4835.00	0.00	0.0%	4835.00	6990.00	4870.00		KORING INVOERE		
SUN Spot 18	5110.00	-27.00	-0.5%	5137.00	6659.00	5072.00		2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
SUN May 19	5050.00	-45.00	-0.9%	5095.00	6990.00	4870.00	WEEK TOTAAL	85 086	30 722	24 703
WHEAT spot 18	4380.00	-34.00	-0.8%	4414.00	4873.00	4553.00	JTD TOTAAL	2 061 091	630 109	1 199 879
WHEAT Dec 18	4530.00	-35.00	-0.8%	4565.00	5227.00	4907.00	TOTAAL BENODIG	1 950 000	934 765	1 622 999
WHEAT Mar 19	4640.00	-44.00	-0.9%	4684.00	5109.00	4790.00	JTD AS % VAN BENODIG	106%	67%	74%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.76/$ en het verder versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die ondersteuning in die wisselkoers kan hoofsaaklik toegeskryf word aan internasionale faktore met die ontluikende lande wat se geldeenhede ondersteuning gevind het teenoor die doller. Die rand het ook versterk nadat die graderingsagentskap Moody's aangekondig het dat Suid-Afrika se kredietgradering vooruitsigte stabiel is en dat hulle nie die land se kredietstatus gaan afgradeer nie ten spyte van die moeilike ekonomiese omstandighede en die beleidonsekerheid wat tans in die mark heers. In die nuutste mynbousektordata wat deur Statistiek SA bekend gemaak was, is aangetoon dat die mynbousektor gedurende Julie 5.2% gekrimp het. Dit was die laagste in 3 maande.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag met die verwagting dat die Amerikaanse produksie vir die seisoen weer naby aan rekordvlakke sal wees. Die mark het ook onder druk gekom as gevolg van 'n oorspoeleffek van die koringmark wat onder druk was. Beide die September en Desember termynkontrakte het gister onder druk gekom. In gister se weeklikse uitvoerverkopeverslag wat deur die USDA bekend gemaak was, is aangedui dat774 000 ton se nuwe seisoen verkope gedoen was met Meksiko as die grootste koper van Amerikaanse mielies vir die week. Daar was ook 'n totaal van ongeveer2.9 miljoen ton se mielie uitvoerverkope wat vanaf die 2017/18 seisoen af oorgedra is na die 2018/19 seisoen. Die mielie uitvoerverskepings wat vir verlede week gerapporteer was, was 264 000 ton. Die totale uitvoere vir die 2017/18 seisoen was ongeveer 4% meer as die vorige jaar se uitvoere. Privaat uitvoerders het gister uitvoerverkope van 142 000 ton gerapporteer vir lewering aan Costa Rica in die 2018/19 seisoen. In ander internasionale nuus is die verwagting dat die EU se mielie produksie vir die seisoen ongeveer 5% laer behoort te wees as die vorige seisoen se produksie. China het 2.9 miljoen ton van die staatsreserwe mielies op 'n veiling verkoop wat ongeveer 73% van die totaal is wat op die veiling te koop aangebied was. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister onder druk gekom en het meestal laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies. In gister se weeklikse SAGIS uitvoerverslag was daar nie groot hoeveelhede uitvoere vir die week gerapporteer nie en die totale uitvoere vir die week was op 8 390 ton gerapporteer. Die totaal vir die seisoen tot dusver is 1.214 miljoen ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonpryse het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag met 'n potensiële rekord-oes wat vir die VSA verwag word wat lei na groot voorraadvlakke. Die laer uitvoere na China hou ook die Amerikaanse sojaboonvoorraad hoër as normaal. Amerikaanse sojaboon-uitvoerverkope het 694 066 ton in nuwe seisoen verkope bereik, met Egipte die grootste aankoper van Amerikaanse sojabone vir die week. Die USDA het ook gerapporteer dat die ou seisoen verkope wat oorgedra word vanaf die 2017/18 bemarkingsjaar, wat op 31 Augustus geëindig het, altesaam 2,4 miljoen ton is. Privaat uitvoerders het aan die USDA twee groot sojaboonverkope gerapporteer, eerstens aan Mexiko 108 873 ton vir lewering in 2018/19 en tweedens na 'n onbekende bestemming 119 760 ton vir lewerings tussen 2018/19 en 2019/20 seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister nie groot prysbewegings getoon nie en het byna onveranderd tot effens sterker gesluit vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag hoofsaaklik weens internasionale faktore soos die vooruitsigte van groot koring uitvoere deur Rusland nadat die USDA hoër produksie vir Rusland verwag. VSA-koring uitvoer verkope het 386 499 ton verlede week bereik, wat 2% meer is teenoor die vorige week se totaal. Die EU-sagte rooi koring produksie voorspellings is vir die 7de maand in 'n ry laer aangepas tot 126 miljoen ton - 'n daling van 11% van 'n jaar gelede en die laagste hoeveelheid in ses jaar. Verwagte eindvoorraad is ongeveer 10 miljoen ton. China het gister 484 485 ton staatreserwe koring op 'n veiling gekoop, en dit was een derde van wat hulle beskikbaar gestel het. Saoedi-Arabië beplan om in November en Desember nog 596 080 ton koring in te voer om die plaaslike vraag na te kom en sy strategiese reserwes te beveilig. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die weeklikse koringinvoere wat gister gerapporteer was, was 85 086 ton. Die totale invoere vir die seisoen tot dusver is 2.061 miljoen ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke /* ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.